DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

24 Mei 2020

*Lees: Heb 11: 22 – 30, Ook Eksodus 2 – 6 (as u wyer wil lees.)*
*Teks: Heb 11: 22 - 30*
*Tema: Geloof gee ons nuwe visie vir die toekoms*

In Eksodus, Levitikus, Numeri en Deuteronomium lees ons van die Here se handelinge met Moses. Hy word die man van God genoem. In Eksodus 2 – 6 lees ons van sy geboorte en roeping. In Hebreërs 11 kry ons 'n kort samevatting van 120 jaar se geskiedenis. Ons kry in Hebreërs 11 word een aspek van geloof uitgelig naamlik: die hoop in God. Daarom moet ons elke keer vra wat die geloof wat die Here aan ons gee bewerk.

Geloof en hoop het alles met mekaar te doen (Hebreërs 11: 1) – die geloof gee vaste grond onder die hoop wat op die toekoms gerig is. Die mense van die ou tyd soos Abel, Henog en Noag word pertinent in hulle verhouding met die Here beskryf. Opmerklik is dat geen negatiewe dade van die gelowiges in Hebreërs 11 genoem word nie. Dit terwyl ons weet dat Noag na die sondvloed, dronk was.

Abraham het sonde gedoen: hy trou met sy half-suster en jok vir die Farao daaroor. Maar ons hoor niks daarvan in Hebreërs 11 nie. Waarom? Ons aandag word op die geloof gefokus. Hierdie mense het gesterf met brandende hoop op die beloftes van die Here in hulle harte, want hulle het die Here geken en vertrou.

Abraham se geloof word getoets toe hy Isak moes gaan offer. Belangrik is dat Isak die kind van die beloftes was. Isak was 'n unieke kind en Abraham het in gehoorsaamheid op God se bevel gereageer. Isak, Jakob en Josef praat al drie van hulle sterfbed af en kyk met die vertroue die toekoms in.

Daarom begin die geskiedenis van Moses met sy ouers wat die bevel van die Farao ignoreer. Hulle steek hom weg,totdat dit nie meer vir hulle moontlik was nie. Moses word gered uit die rivier en is deur God bestem tot 'n besondere taak onder sy volk. Sy ouers sien die toekoms (Hebreërs 11: 23). Vir 'n paar jaar kon Moses in sy ouerhuis deurbring, voordat hy na die paleis moes gaan, maar sy geloof in God is gevestig. Wanneer hy groot is, kies hy teen die lewe van rykdom, eer, prag en praal as 'n Egiptiese prins. Hy kom groot roem op die slagvelde van ou Egipte as generaal in die Farao se leer verwerf. Maar hy kies om liewer sleg behandel te word met God se volk, as om deel van die afgodediens van Egipte te wees. Egipte in al sy rykdom was goddeloos.

Volgens Hebreërs 11: 25 en 26 het hy die smaad van Christus daarteenoor as die eintlike rykdom gesien. Hy sien die belonging van 'n ewige heerlikheid saam met God. Hy vlug na Midian om deur die Here geleer te word om te lei, te voed en te versorg. Hy staan in die geloof voor die Farao elke keer as God hom stuur om die volgende plaag aan te kondig. Hy vertrou uiteindelik dat God die volk sal red en dat die bloed van die lam beskerming sal gee. Die uittog kom hier ter sprake as 'n geloofsdaad van Moses en Israel. Elke jaar na die uittog is die Pasga gevier, soos ook die nagmaal herhaal word. Tog is die bloed net 1 keer aangesmeer – soos Jesus se bloedstorting ook eenmalig was.

Geen groter krisis denkbaar is die see voor jou en die bloeddorstige Egiptiese soldate op hulle strydwaens agter jou nie. En as God die water oopmaak en hulle stap deur, is dit die dood vir die Farao se leer wat probeer volg. En na 40 jaar moet hulle om 'n versterkte stadsmuur stap. Maar as dit in die geloof gebeur dan kan geen aardse mag of bouwerk voor God stand hou nie. Jerigo se mure val en die beloofde land lê oop.

Hoe anders kyk en sien 'n gelowige die lewe. Ons gedagtes moet nou fokus op wat die Here vir ons leer met hierdie pandemie. Aardse goedere kan in een oomblik weggeneem word. Wat het ons dan? Wanneer die wêreld niks het om na uit te sien nie, het ons Jesus Christus wat ons aandag fokus op Sy wederkoms. Hierdie ewige optimisme is nie "sigbaar" vir die oog nie, kan ook nie wetenskaplik bewys word nie, maar staan vas omdat God en Sy ewige plan agter alles staan. Die toekoms is God se beloftes wat besig is om te gebeur. Wanneer die ongelowige wêreld se sekurieteite een na die ander val, het ons 'n ewige waarborg dat God met ons is – Immanuel. Daarom het ons sy Helige Gees ontvang om kragdadig in die geloof aan Hom vas te hou.

Toe Israel voor die see staan, sien Farao en sy leer 'n magtelose klomp vlugtelinge wat vasgekeer op die strand staan. 'n Maklike prooi om te vernietig. Moses sien saam met die Here 'n oorwinning in die geloof. Lees Moses se lied in Eksodus 15.

Geliefdes, geloof hou aan, al het alles opgehou. Toe dit letterlik pikdonker nag in ou Jerusalem was, is Christus besig om ons uitkoms te bewerk. Hy hang aan die kruis en sy bloed vloei – Hy is die Lam van God. Die Here hou Sy woord. Niemand kan Sy plan verander nie. Toe die gelowiges wag op die uitstorting van die Heilige Gees, is God besig om hulle gereed te maak vir Sy nuwe begin met die kerk, die liggaam van ons Here Jesus Christus. En nou moet ons lewende lede van God se kerk in hierdie wêreld wees. Dit is nou die tyd om as dissipels die Blye Boodskap van ewige hoop in Christus te verkondig vir baie wat moedeloos en radeloos is.

Leef daarom onder die leiding van God se Gees met geloof in jou hart en die ewige Woord in jou hand. Die Here gee vir ons uitkoms, daarom kan ons saam met Moses jubel: Die Here is my krag en my beskerming. Hy het tot my redding gekom. Hy is my God, Hom roem ek, die God van my voorvaders, Hom prys ek.

Geloof gee ons nuwe visie vir die toekoms.
Mag die Here ons genadig wees in die grendeltyd.
Seënwense vir elkeen wat hier lees.

## OOG VIR MEKAAR




- Ons bid vir Hennie en Julie Oelofse. Hennie het weer die afgelope week chemo gehad en wag nog vir uitslae.
- Lana Nel se moeder is deur haar bestraling en maak gereed om oor 'n paar weke met chemoterapie te begin.
- Ons bid vir tannie Lenie Bothma en haar familie met haar broer se dood. Mag julle God die heilige Gees se troos ontvang.
- Ons dink aan Hendri Korff wat 'n onderonsie met nierstene gehad het. Ons glo en vertrou dat dit nie by herhaling sal gebeur nie. Daleen sien ook weer binnekort haar dokter en ons bede is dat die knie 100% reg sal funksioneer.
- Heleen du Plessis is nog aan die herstel na haar rugoperasie. Ons dink aan Stephan wie se pa besig is om behandeling vir kanker te ondergaan.
- Ons dink ook aan Hester vd Merwe wat nog las het van haar wonde. Mag die Here spoedige herstel aan jou skenk.
- Ons dank die Here dat die matrieks Maandag met klasse kan begin. Ons bid julle en julle ouers en die onderwysers die seën van die Here toe om verlore onderrigtyd in te haal. Mag julle wysheid en insig van die Here kry om julle beste in die omstandighede te lewer.
- Ons is dankbaar dat die Graad 7's ook hulle werksaamhede kan begin. Mag elkeen skouer aan die wiel sit en dit die beste jaar vir julle maak.
- Ons bid vir al die kinders en ouers wat nog met tuisonderrig besig is. Ons glo dat julle almal binnekort weer by die skool mag wees. Kalmte en rustigheid vir almal toegebid.
- Bly asb by die reëls in verband met afstand en higiëne. Een fout kan groot gevolge vir jou hele lewe inhou.

## FINANSKOMMISSIE

Die finanskommissie versoek lidmate wat kontant bydraes maak t.o.v. hulle offergawes om asb nie hulle bydraes te stop nie, maar om Daleen Coetzee te skakel op 079 490 2678 om reëlings te tref vir sodanige betalings.

## KERKKANTOOR

Neem asseblief kennis dat die kerkkantoor gesluit sal wees tot verdere kennisgewing.

## BYBELSTUDIE

As gevolg van die huidege omstandighede rakende byeenkomste sal Bybelstudie eers weer na die inperking hervat word.

# BYBELSTUDIE

**Bybelstudiegroepe is afgestel tot na die inperking**

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| Ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




***Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za***

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per e-pos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| * 70 en ouer, ** 80 en ouer, *** 90 en ouer, **** 100 en ouer | | | |
| Ma 25 Mei | ***Kotie Erasmus ***** <br> Ziany Kuilder <br> Anna-Mart Maré <br> Ilse Marx <br> Derik Marx <br> Ruben Van Ree | B <br> B <br> B <br> B <br> B <br> D | 082 651 6301 <br> 073 499 4735 <br> 082 318 7263 <br> 079 880 7530 <br> 072 085 6972 <br> 082 672 2511 |
| Wo 27 Mei | Su-Marie Stander | B | 074 580 3739 |
| Do 28 Mei | Japie Hoogenboezen <br> Danie Slabbert | B <br> B | 082 891 3021 <br> 082 557 8705 |
| Vr 29 Mei | Christelle Botha <br> Annemarie Koekemoer | B <br> B | 082 493 4223 <br> 082 361 2427 |
| Sat 30 Mei | Marizane Meintjies <br> Riana Olivier | B <br> B | 060 994 0968 <br> 082 460 8286 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 30 Mei 1970 | Dewald en Sarie Hattingh | 50 | 082 567 0518 <br> 082 460 3237 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke en Die Basuin :**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651 | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581 | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

"Omdat die Israeliete geglo het, het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droê grond, terwyl die Egiptenare verdrink het . Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het."

Hebreërs 11 : 29 — 30

